# KENNISGEWING:

## AANSOEK OM STIGTING VAN DIE STRAND BUSINESS IMPROVEMENT DISTRICT

**Kennisgewing geskied hiermee dat:**

1. Friedman and Cohen (Pty) Ltd, synde die geregistreerde eienaar van Erf 10047, geleë te 10 Wesleystraat, Strand, het aansoek gedoen om die stigting van die **Strand Business Improvement District** ingevolge Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebiede-verordering 2012 saam gelees met Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebied-beleid 2013 in die gebied wat alle kommersiële belastingbetalende eiendomme insluit wat begrens word deur:

*Westelike Grens*

Vanaf Beach-weg volg die grens Van Riebeeckstraat tot Heineckestreet, dan langs Heineckestraat tot en met Kerkstraat. Die grens volg dan Kerkstraat tot en met Faganstraat en langs Faganstraat tot en met Birkenheadweg en langs Birkenheadweg tot en met Piet Retiefstraat.

*Noordelike Grens*

Vanaf Birkenheadweg langs Piet Retiefstraat tot en met Hoofstraat.

*Oostelike Grens*

Die grens volg Hoofstraat tot en met Faure Marine-straat en sluit alle eiendomme in wat grens aan Van Ryneveldstraat tot en met Hofmeyerstraat en vanaf Hofmeyerstraat volg die grens Scarbrowstraat, Gouws-straat and Van der Merwestraat tot en met Beach-weg.

*Suidelike Grens*

Langs Beach-weg vanaf Van der Merwestraat tot en met Van Riebeeckstraat.

2. Die aansoek, tesame met ander besonderhede van die aansoek, lê ter insae by Friedman and Cohen (Pty) Ltd geleë te 10 Wesleystraat, Strand en by die Stad Kaapstad, Inter Service Liason-kantoor, 8de Verdieping, Burgersentrum, Hertzog Boulevard 12, Kaapstad (navrae: E. Scott, Tel 021 400 1872).

3. Enige besware teen die stigting van die **Strand Business Improvement District** moet skriftelik gerig word aan die Stadsbestuurder, Privaatsak 298, Kaapstad, 8000 of per hand afgelewer word by die Stadsbestuurder, 5de Verdieping, Podiumblok, Burgersentrum, Hertzog Boulevard 12, Kaapstad.

4. Besware moet die Stadsbestuurder se kantoor teen nie later as 29 November 2013 bereik nie.

5. Kennisgewing van 'n Openbare vergadering met die doel om:

i) Tersaaklike inligting rakende die aansoek te verskaf.
ii) Praktiese implikasies te bespreek wat daarmee verband hou.

**DATUM:** 13 November 2013
**TYD:** 17:00 vir 17:30
**PLEK:** Friedman and Cohen
**LIGGING:** Hv Hoofweg en Wesleystraat, Strand

**ALLE EIENAARS VAN EIENDOM IN DIE VOORGESTELDE SPESIALE-AANSLAGGEBIED WORD VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON.**

Vir enige navrae kontak PGrant Goodwin by Tel: 021 853 1070

**Let wel, indien u nie die geregistreerde eienaar van n eiendom is nie word u versoek om asseblief hierdie kennisgewing onmiddellik aan te stuur na die geregistreerde eienaar of verskaf die kontak besonderhede van die eienaar aan G. Lohrentz by gene@geocentric.co.za, 083 255 7657, sodat daar kontak gemaak kan word met die eienaar.**